

6 Mei

Skrifgedeelte: Genesis 50:12-21  
Fokusgedeelte: Genesis 50:19-21  
HK, Vraag 126

### Is jy bereid om te vergewe?

Daar bou spanning op in die stuk wat ons lees oor Josef en sy broers. Die groot vraag wat die spanning veroorsaak en wat beantwoord moet word is hoe Josef teenoor sy broers sal optree na hulle vader Jakob se dood.

In die verlede het Josef se broers baie verkeerde dinge teenoor hom gedoen. In hulle eie woorde sê hulle dat hulle hom kwaad aangedoen het (vers 15). Van jongs af was hulle jaloers op hom en het hulle hom gespot. Dit het gegroei tot so 'n haat dat hulle hom wou doodmaak en inderdaad in 'n put gegooi het. Uiteindelik het hulle hom as 'n slaaf verkoop om van hom ontslae te raak. Vir hulle pa het hulle gesê dat 'n wilde dier hom verskeur het.

Hoe sou Josef teenoor hulle optree? Wonderlik is sy woorde (vers 19): "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie." Josef neem nie wraak op sy broers nie. Hy betaal hulle nie terug vir hulle misdade teen hom nie. Inteendeel, hy huil en kry hulle jammer. Hy vergewe hulle. Vandag leer Jesus ons in die Onse Vader om vir so 'n gesindheid te bid: "Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe." Ons vra hier van God om ter wille van die versoeningswerk van Christus aan die kruis al ons sondes te vergewe. Ons moet egter ook in hierdie opsig die beeld van God vertoon deur dié wat teen ons oortree van harte te vergewe. Wanneer ons ander vergewe, noem die HK dit 'n bewys van God se genade in ons. Wil jy nie sommer vandag gaan sit en diep dink wie die persone is, dalk familie soos by Josef, wat jy nog nie vergewe het nie? Neem dan uit liefde die groot besluit: Ek vergewe, want God het my vergewe!

*Sing: Skrifberyming 9-4:5, 6*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~